VRYSTELLINGS VOORVAARDES: KIEFNET VISSERYE VAN SUIDELIKE MULLET, LIZA RICHARDSON! (HAARDERS OP KLEINSKAALSE KOMMERSIELE BASIS IN OLIFANTS RIVIER BEWAARINGSGEBEID – 2007

1. Algemeen

1.1 Hierdie vrystelling is uitgereik onderworpe aan die vereistes en regulasies van die volgende wette:

(a) Die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 1998 (Wet No. 18 van 1998) ('die Wet") en in besonder, die regulasies wat mariene bewarings gebiede zoneer.
(b) Die Wet vir Nasionale Omgewingsbestuur 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NEMA) en in besonder die regulasies wat die gebruik van voertuie in die kusgebeide kontroleer (soos gewysig)
(c) Die Wet vir Nasionale Biodiversitiet 2004 (Wet No. 57 van 2004)
(d) Die Nasionale Beskermingswet 2003 (Wet No 57 van 2003)
(e) Die Wet op beskerming van Seevoëls en Robbe 1973 (Wet No. 46 van 1973) en;
(f) Die Internasionale konvensie vir die voorkomoming van besoedeling deur skepe Wet 1996 (Wet No 2 van 1996)

1.2 Die Hoofdirekteur van Hulpbronbestuur ("Hoofdirekteur") mag die voorwaardes van die vrystelling verander sonder vorige kennisgewing aan die vrygestelde regshouer indien daar grondige rede deur die Hoofdirekteur daarvoor gevind word.

1.3 Die Vrystelling mag teruggetrek, opgeskort of gekansselleer word wanneer die regshouer versuim om aan 'n voorwaarde te voldoen of een van die voorwaardes verontagsaam, of wanneer die regshouer versuim om aan die vereistes van die Wet te voldoen of wanneer die regshouer skuldig bevind word aan oortreding van die Wet, of wanneer die regshouer versuim om sy vrystelling te gebruik, of na goeddenke van die Hoofdirekteur wanneer grondige redes daarvoor gevind word.

1.4 'n Vrystelling om 'n bestaande reg in terme van die Wet te gebruik mag geweier word indien alle voorwaardes van 'n vorige vrystelling uitgereik, nie nagekom is nie

1.5 Die Vrystelling mag teruggetrek of opgeskort word wanneer die regshouer of een van sy/haar werknemers verkeerde informasie aan die Departement voorsien waarop hy geregtig is of wanneer verkeerde inligting met betrekking tot eienaarskap van die boot en die spesifikasies daarvan aan die Departement gegee word.

1.6 In terme van die Wet, is die regshouer verplig om enige oortreding van die Wet deur enige ander persoon onder die aandag van die Minister te bring.

1.7 Die regshouer sal nie enige vis land, verkoop, ontvang of prosesseer wat bekom is deur middel van oortreding van die Wet nie.

1.8 Die Vrystelling moet aan boord gehou word en/of moet beskikbaar wees by enige visvang gebied en sal getoon word op aandrang van enige Visserye Beheer Beampte.

1.9 Alle plastiek afvalstowwe sal aan boord gestoor word totdat die boot weer aan land gekom het en onder geen omstandigehede sal afvalstowwe in die see gegooi word of by visvang gebiede gehou word nie.

1.10 Geen dooie vis afval of gemors mag by visvang gebiede agter gelaat word nie

1.11 The regshouers sal nie die TTV/TTP of 'n kombinasie daarvan oorskry soos wat in Seksie A op die vruystelling aan hom/haar toegewys is nie.

1.12 Die regshouer sal die voorgeskrewe fooi per kilogram of ton (soos vereis) of 'n gedeelte daarvan, betaal. Die fooie betaalbaar ten opsigte van vis wat gedurende die maand gevang is, sal voor die einde van die daaropvolgende maand betaal word.

1.13 Hierdie Vrystelling mag slegs deur die regshouer of deur 'n gemagtigde genomineerde persoon gebruik word. Geskrewe goedkeuring vir 'n gemagtigde genomineerde persoon moet by die Hoofdirekteur verkry word. Die regshouers sal verantwoorfdelik gehou word vir die uitvoering van alle voorwaardes van sy/haar bemanning of die gemagtigde genomineerde persoon.

1.14 Die regshouer sal alle vergaderings bywoon wat deur die Department of sy agente gehou word by Ebenhaser en/of Papendorp om sodoende inligting weer te gee en/of om deelnemende bestuur van die vissery te bevorder, mits die regshouer betyds van die vergadering ingelig word.

2. <u>VISVANG GEBIED.</u>

2.1 Hierdie Vrystelling is net geldig vir die Olifantsrivier Mond, uitsluitend enige area wat as 'n Mariene Bewarings Gebied gesoneer is. Visvang in ander mariene areas wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad beheer word, is onderworpe aan regulasies wat onder die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No, 57 van 1976) soos gewysig, geproklameer is.

2.2 Geen vangste is toelaatbaar in die Riviermonding of in enige ander gebied wat in die toekoms as 'n sensitiewe zone in terme van 'n aanvaarbare Riviermonding bestuursplan vir die Olifantsrivier aangewys mag word nie.

2.3 Visvang sal geskeid:

- Vanaf die Lutzvile Causeway (31 41'57"S 18 19'40"O) tot die Baken aan die suide van die rivier (31 41'17"S; 18 12'00"O) en die Baken aan die noorde van die rivier (31 41'11"S; 18 11'49"O).

3. BOOT SPESIFIKASIES.

3.1 Die letter “N” moet op die boot langs die area nommer aangebring word.

3.2 Die regshouer sal geen ander boot gebruik tensy dit die registrasie nommer en letter soos deur die Direkteur–Generaal daaraan toegewys is, op het nie. Sulke nommers en letters sal in wit op ‘n swart agtergrond, of in swart op ‘n wit agtergrond op albei kante van die boot verskyn en sal nie kleiner as 15cm hoog, 10cm breed en 2cm in dikte wees nie. Die spasie tussen aangrensende letters en figure sal tussen 2cm en 5cm wees.

4 EKONOMIESE IINLIGTING

4.1 Die ekonomiese, sosio-ekonomiese en finansiele inligting wat die aktitiwiteite van die regshouer reguleer sal aan die Hoofdirekteur: Mariene en Kusbestuur beskikbaar gestel word indien versoek. Die inligting moet in die formaat wees soos deur die Hoofdirekteur versoek en moet binne 21 dae vanaf dit versoek is, ingedien word.

5. VANGSTE

5.1 Die regshouer sal slegs Suidelike Mullet Liza richardsonii (haarders) vang en behou, asook alle spesies wat op die aas lys soos uiteengesit deur die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne (Wet No. 18 van 1998). Die regshouers sal nie spesies op die sportvissers, beskermde, kritiese, en spesiaal beskermde spesies lys vang en behou nie, en daardie spesies sal ongedeerd in die water vrygelaat word, of indien dood, oorhandig word aan die Visserye Beheer Beampte by die naaste Mariene en Kusbestuur kantoor. Die spesies wat nie gevang en verkoop mag word nie, word gelys in Aanhangsel 1.

BEPERKING OP TOERUSTING

5.2 Die regshouer sal nie meer as een (1) kiefnet per keer gebruik nie.

5.3 Die regshouer sal slegs een kiefnet per keer op die boot hê, dis insluitende die net wat reeds in gebruik is.

5.4 Die totale lengte van die kiefnet, gemeet oor die kurk of lood lyn, mag nie 45 meter oorskry nie.

5.5 Die diepte, gemeet as die strek tussen die kurk en lood lyn van ‘n haarder kiefnet (48-64 mm strekbare mas) sal nie 5 meter oorskry nie.

5.6 Die mas groote van ‘n haarder kiefnet mag nie kleiner as 48 mm of grooter as 64 mm wees nie (strekbare mas).

5.7 Sodra ‘n kiefnet die water ingegooi word, moet elke kant aan ‘n dryfas of boei vasgemaak wees. Elke dryfas of boei moet met die area registrasie nommer van die regshouer gemerk wees

5.8 Wanneer die net uitgegooi is, kan albei kante van die net vasgepen wees, maar die regshouer moet ten alle tye teenwoordig wees by die net

5.9 Die regshouer mag geen elektriese of brandstof aangedrewe voertuig gebruik om die net in te trek nie Hand aangedrewe meganiese windasse en katrolstelsels mag egter gebruik word om kiefnette te herwin.

5.10 Die regshouer sal die net slegs in toegewysde areas gebruik en met die verstandhouding dat die vrystelling die regshouer nie magtig om op privaat eiendom te vang nie, en wanneer van toepassing die regshouer slegs mag vang met die toestemming van die volgende owerhede vir gebiede in:

a. Mariene bewaringsgebeide
b. Nasionale Parke
c. Provinsiale parke en Natuur reservate
d. ESKOM gebiede
e. Nasionale Hawe Owerhede gebeide
f. Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gebiede
g. Areas soos gespesifiseer deur die Wet op Minerale Regte (Wet No.50 van 1991)

5.11 Die regshouer sal personeel en gemagtigde verteenwoordigers van die Department toegang verleen om toerusting en vangste ten alle tye na te gaan.

5.12 Geen vissoort op die nie-verhandelbare sportvisserslys mag gehou of verkoop word nie, alle vangste wat toevallig gevang word, moet teruggeplaas word in die water. Dooi vis op die nie-verhandelbare sportvisserslys wat geland is, moet aan die plaaslike Visserye Beheer Beampte oorhandig word.

6. VANGS STATISTIEKE

6.1 Die Regshouer sal statistieke indien soos voorgeksryf in die “Kommersiele vangs terugvoer vir Kiefnette” landings boek. Voor die 15de van elke maand sal die vorige maand se vangste op een vangste terugvoer bladsy aangedui word en per hand afgelewer, nog steeds vas in die landings boek, by die plaaslike Mariene en Kusbestuur kantoor. Die onus rus op die regshouer om seker te maak die statistieke vorm is gesertifiseer en dat ‘n ontvangsbewys verkry is by aflewering daarvan. Sertifisering en bewys van aflewering sal deur die kopie in die landingsboek deur middel van ‘n getekende en gedateerde stempel deur ‘n Mariene en Kusbestuur beampte, gestaaf word.

7. BEHEER

7.1 Die regshouer is verplig in terme van die Wet om alle oortredings van die vrystellings voorwaardes, die regulasies geproklameer onder die Wet of voorwaardes van die Wet opsigself, deur enige ander persoon, dadelik aan die Department te rapporteer.

7.2 Sulke oortredings moet per skrif by die Departement ingedien word en moet gefaks word na Mnr. Sandile Sibiya by (021) 402 3622, vir die aandag van die Hoofdirekteur: Monitering, Beheer en Waarnening, Mev. Abeeda Mugjenkar.

7.3 Die Regshouer sal geen vis land, verkoop, ontvang of prosesseer wat deur middel van 'n oortreding van die Wet bekom is nie.

Annexure 1. Exploitation categories and species lists indicating which fish may or may not be caught and sold by the exemption-holder. Where applicable, minimum size limits re included.

SPESIES	GROOTE	VANG EN HANDEL DRYF
Geslote lys		
Koesterhaai (Cetorhinus maximus)		Nee
Brindle bass (Pronicrops lanceolatus)		Nee
Witdoodshaai (Carcharodon carcharias)		Nee
Natal wrasse (Anchichoerops natalensis)		Nee
Potato bass (Epinepherllus tukula)		Nee
Sawfishes (family Pristidae)		Nee
Vier-en-Sewentig (Polysteganus undulosus)		Nee
Walvishaai (Rhinocodon typus)		Nee
Nie kommersiele sportvissers lys		
Baardmans (Umbrina spp)	40cm	Nee
Vlei Galjoen *(Dichistius multifasciatus)*		Nee
Marlyn (*family Istiophoridae*)		Nee
Dassie (*Diplodus sargus capensis*)	20cm	Nee
Bruin Hottentot (*Pacymetopon grande*)	30cm	Nee
Cape knifejaw (*Oplegnathus conwayl*)		Nee
Kaapse Stompneus (*Rhabdosargus holubi*)	20cm	Nee
Galjoen (*Dichistius capensis*)	35cm	Nee
Leervis (Lichia amai)	70cm	Nee
John Brown (Gymnorotaphus curvidens)		Nee
Kingvis (genera Carenx or Carangoides)		Nee
Large-spot pompano (Trachinotus botla)		Nee
Luiperd-kathaai (Poroderma pantherinum)		Nee
Natal knifejaw (cuckoo bass) (Oplegnathus robinsoni)		Nee
Natalse Stompneus (yellowfin bream) (Rhabdosargus	25cm	Nee

sarba)		
Skeurtand haai (Carcharias Taurus)		Nee
Slimjannie (perch) (Acanthopagrus berda)	25cm	Nee
Rivier-snapper (Lutjanus argentimaculatus)	40cm	Nee
Southern pompano (Trachinotus africanus)		Nee
Spikkel-knorder(Pomadasys commersonnii)	40cm	Nee
Spotted gulley shark (Triakis megalopterus)		Nee
Springer (ten pounder) (Elops machanata)		Nee
Stonebream (Neoscorpis lithophilus)		Nee
Streep-Kathaai (Poroderma africanum)		Nee

Aanhangsel 1. Vervolg

SPESIES	GROOTE	VANG EN HANDEL DRYF
Swaardvis (Xiphias gladius)	25kg	Nee
Weskus Steenbras (Lithognathus aureti)	40cm	Nee
Wit Steenbras (pignose grunter) (Lithognathus)	60cm	Nee
Wit Biskop (Sparodon durbanensis)	60cm	Nee
Wildeperd (Diplodus cervinus hottentotus)	30cm	Nee
Beskermde lys		
Barbel (Sea catfish) Galeichthys spp.		Ja
Grootoog tuna (Thunus obesus)	3.2	Nee
Bludger (kingfish) (Carangoides gymnostethus)		Nee
Blou Hottentot (copper bream) 9Pachymetopon aeneum)		Nee
Buskin (trawl soldier (polysteganus caeruleopunctatus)		Nee
Kaapse Knorhaan (Chelidonichthys capensis)		Nee
Kaapse Snoek (Thyrsites atun)	60cm	Nee
Kaapse Geelstert (Seriola lalandi)		Nee
Kaapenaar (Argyrozona argyrozona)	30cm	Nee
Katgesig klipkabeljou (Epinephalus andersoni)	50cm	Nee
Dageraad (Chrysoblephus cristiceps)	40cm	Nee
Dane (Porcostoma dentate)		Nee
Dorado (dolphinfish) Coryphaena hippurus)		Nee
Dusky kob (Argyrosomus japonicus)	50cm	Nee
Elf (shad) (Pomatomus saltarix)	30cm	Nee
Engelsman (Chrysoblephus anglicus)	40cm	Nee
Geelbek (Cape salmon) (Atractoscion aeguidens)	60cm	Nee
Stokvis (Merluccuis capensis and M.paradoxus)		Nee
Hottentot (Pachymetopon blochii)	22cm	Nee
Javelin grunter (Pomadasys kaakan)		Nee
Konings Katonkel (couta) (Scomberomorus commerson)		Nee
Panga (Pterogymnus laniarius)		Nee
Poenskop (black musselcracker) (cymatoceps nasutus)	50cm	Nee

Koningin Katonkel (Scomberomorus plurilineatus)		Nee
Rooi Steenbras (copper steenbras) (Petrus rupesris)	60cm	Nee
Rooi Stompneus (Miss Lucy) (Chrysoblephus gibbiceps)	30cm	Nee
Red tjor-tjor (sand soldier) (pagellus natalensis)		Nee
Klipkabeljou (family Serranidae)		Nee
Roman (Chrysoblephus laticeps)	30cm	Nee
Santer (soldier) (Cheimerius nufar)	30cm	Nee
Scotsman (Polysteganus praeorbitalis	40cm	Nee
Haaie en rogge (subclass Elasmobranchii)		Nee
Silwer kob (Argyrosomus inodorus	50cm	Nee

Aanhangsel 1. Vervolg

SPESIES	GROOTE	VANG EN HANDEL DRYF
Slinger (Chrysoblephus puniceus)	25cm	Nee
Snapper salm (Otolithes rubber)		Nee
Squaretail kob (Argyrosomus thorpei)	40cm	Nee
Tuna (tunny)		Nee
Witrand klipkabeljou (Epinephalus albomarginatus)	40cm	Nee
Wit Stompneus (Rhabdosargus globicebs)	25cm	Nee
Geelpens Klipkabeljou (Epinephalus marginatus)	60cm	Nee
Geelvin tuna (Thunnus albacares)	3.2kg	Nee
Aas Lys		
Ansjovis (family Engraulidae)		Ja
Makreel (Scomver japonicus)		Ja
Haarstert (Trichiurus lepturus)		Ja
Karel groot oog (Boopsoidea inornata)		Ja
Garfishes (family Belonidae)		Ja
Glasie (family Ambassidae)		Ja
Halbeaks (family Hemirammphidae)		Ja
Maasbanker (Trachurus trachuru capensis)		Ja
Haarders (family Mugilidae)		Ja
Pinky (piggy) (Pomadasys olivaceum)	7.5cm	Ja
Sardyn/Pelser (family Clupeidae)		Ja
Sauries (family Scomberesocidae)		Ja
Scads (Decapterus spp.)		Ja
Strepie (Karanteen) (Sarpa salpa)	15cm	Ja
Steentijie (Spondyliosoma emarginatum)		Ja
Wolfharring (Chirocentrus dorab)		Ja